ALGEMENE TAAKSPAN PREDIKANTESAKE (ATP)
SE WERKSAAMHEDE

AGTERGROND

Die ASM het in Maart 2012 die wyse besluit geneem om alle aangeleenthede wat predikante, proponente en emeriti raak, saam te groepeer onder een Steunspan naamlik die Algemene Steunspan Predikantesake (ASP). Dit het meegebring dat alle sake wat betref beleid, begeleiding, advies en bevoegdheidsaangeleenthede nie meer fragmentaries hanteer word nie, maar deur een span kundige lede van die Algemene Sinode wat nou op alle fasette van 'n gelegitimeerde se lewe omsien. Daardeur verseker die ASP dat daar kontinuïteit is in die opleiding, toekenning van bevoegdheid, behoud daarvan en bedieningsvreugde van alle gelegitimeerdes sodat die predikantekorps van die Ned Geref Kerk optimaal benut en versorg kan word

Die vertrekpunt waaraan die Algemene Steunspan Predikantesake sy opdrag meet, vind sy oorsprong is drie konsentriese sirkels naamlik: die verlening van bevoegdheid; behoud van bevoegdheid en die verlies van bevoegdheid. Skematies kan dit as volg voorgestel word:



Verlening: nadat die onderskeie Kuratoria die kandidate akademies en bedieningsgereed verklaar het, het die ASP die voorreg om hierdie kandidate te legitimeer en bekend te stel aan die Kerk vir beroeping en diens in breëre verband. Die ASP hanteer ook die adviese rakende kandidate wat weer aansoek doen om hertoelating tot die bediening en maak aanbevelings ten opsigte van die aflê van colloquium doctum.

Behoud: ten opsigte van die behoud van bevoegdheid gee die ASP leiding en advies aan sinodes om die A-Z Beleid vir Predikante op die mees praktiese wyse uit te voer. Dit hou in dat predikante versorg word op alle fasette van die bediening. Hier word aandag gegee aan predikante begeleiding; standplaasverwisseling; verdere bedieningsontwikkeling; die finansiële versorging van predikante (onder andere die riglyne aan sinode vir die jaarlikse vergoedingspakkette).

Verlies: wanneer gelegitimeerdes op een of ander wyse hul bevoegdheid verloor, hanteer die ASP die administrasie en liassering daarvan. Dit vind plaas wanneer 'n gelegitimeerde uit die bediening bedank of wanneer daar 'n aanbeveling deur 'n Ring gemaak word vir die verlies van bevoegdheid na tugondersoek.

Befondsing: Die ASP word befonds deur die Algemene Sinode asook die jaarlikse registrasiefooi wat alle gelegitimeerdes moet betaal. Die sake wat verband hou met die advies en leiding ten opsigte van uitvoering van die A-Z beleid deur sinodes soos byvoorbeeld predikante begeleiding, VBO, standplaasverwisseling en die administrasie van die ASP word deur die Algemene Sinode befonds en geen registrasiefooie word daarvoor aangewend nie. Al die sake wat verband hou met bevoegdheid – te wete die legitimasie, bestuur en administrasie en advies rakende bevoegdheidsaangeleenthede en sekere uitgawes verbonde aan die VBO word deur die jaarlikse registrasiefooie befonds.